

Sing vooraf staande: Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 104:1, 20 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlijkheid:
- 20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 51:1, 6 (p. 260)

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!
- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Gebed

Psalm 51:4, 5 (p. 261)

- 4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, /verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, /en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Skriflesing: Romeine 6:1-14; 2 Petrus 2:1-22; Heidelbergse Kategismus, Sondag 26

Kernvers: Romeine 6:3-4

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.
(Romeine 6:3-4 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goed kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe as lede van Christus geheilig te wees, sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Open 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..." (Matt 28:19); en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Tema: God het in die doop sy belofte aan ons toegesê
Wat maak jy met jou doop?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Sondag 25 het ons gehoor en gesien dat die sakramente sigbare en heilige tekens en seëls is. Ons het ook gehoor dat die water by die doop die teken is van Christus se bloed. Hier in Sondag 26 bely ons verder wat die doop as seël vir ons beteken. Onthou, met die doop verseël die Heilige Gees God se belofte wat ons in die evangelie hoor sigbaar en voelbaar aan ons hart. Uit al drie die vrae en antwoorde in Sondag 26 sien ons dat alles by die doop rondom die afwassing van die sondes sentreer. Die doop is dus heg verbind aan die belofte dat ons sondes afgewas is.

Daarom is die doop nie sommer maar net nog 'n seremonie wat in die kerk gebeur nie. Doop is 'n gewigtige saak, 'n saak tussen God en die een wat gedoop word en gedoop is. Maar as ons dan bely dat die doop wel so 'n gewigtige saak is, waar kom ons aan die doop? Het die kerk self die doop ingestel na aanleiding van die Jode se manier van doen? Mense wat uit die heidendom die Joodse geloof aangeneem het, is proseliete genoem en hulle is gedoop. Het die apostels aan die doop die gewigtige betekenis van afwassing van sondes geheg?

Ons weet tog dat die mens 'n sondaar is al is hy deel van die kerk en selfs 'n apostel. En alles wat 'n sondaar uit homself uit bedink, is besmet met die sonde. Daarom begin ons ook in Sondag 26 bely: **Christus het die uitwendige waterbad ingestel**. En in antwoord 71 sê ons waar in die heilige evangelie Christus beloof het dat Hy ons met sy bloed en Gees wil was. Op grond van die Woord van God kan ons vrymoedig aan enige mens sê:

Die doop kom van Christus en die Vader af. Die doop is 'n skildery wat die Vader self aan ons gee om ons geloof te versterk. Christus het sy dissipels beveel om almal wat glo te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Maar Christus het nie net die doop ingestel nie. In Handeling 22 word aan ons geopenbaar dat Christus self die doop aan die afwassing van sondes verbind. Toe Ananias in Damaskus by Paulus gekom het, het hy ook vir hom gesê:

Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep. (Handeling 22:16 AFR53)

Hoor u en sien u, die doop is God se saak met elkeen wat gedoop word en gedoop is. By die doop sê God sy belofte toe aan elkeen wat gedoop word.

En wat is hierdie belofte wat Hy aan ons toesê? Ons bely dit in antwoord 69: ***Daarby het Christus beloof dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, gewas is as wat ek uitwendig met water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.*** Nog 'n maal sien ons hoe 'n gewigtige saak die doop is.

Laat ons nou aan die hand van Romeine 6 die doop as belofte van nader beskou. Wanneer 'n mens Romeine 6:1 lees sonder om Romeine 5 ook te lees, verstaan 'n mens nie sommer dadelik wat Paulus se bedoeling is nie. In vers 1 gryp hy eintlik terug na wat hy in 5:20 gesê het:

Maar die wet het daar bygekome, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword.
(Romeine 5:20 AFR53).

Die wet is baie jare na Adam en die sondeval gegee. Deur Adam se opstand teenoor God het die sonde in die wêreld ingekom. En toe die wet gegee is, het dit vir die mensdom al duideliker geword hoe sondig hulle werklik is. Daarom sê Paulus dat die wet bygekome het om die oortredinge nog meer te maak. En eers wanneer die mens beseft hoe groot sy sonde en ellende is, sal hy kan beseft hoe groot en oorvloedig God se genade is vir hom wat gered is.

Maar die mens is in sy hele wese 'n sondaar. Daarom sal hy elke woord van God ook so wil verstaan soos dit hom as 'n sondige mens die beste pas. Om hierdie rede het Paulus Romeine 6:1 so geskryf soos ons dit hier lees. Ons kan nie aanhou sonde doen sodat die genade moet toeneem nie. Ons is immers vir die sonde dood en kan nie meer daarin voortlewe nie.

Waar en hoe het ons die sonde dan afgesterf? kan iemand miskien vra. Dit is dan net daar waar Paulus die sakrament van die doop inbring om lig te werp op die saak. In die Nuwe-Testamentiese tyd is mense nie gedoop soos ons dit vandag doen nie. Vandag besprinkel ons met die water, maar in daardie tyd is mense dikwels heeltemal onder die water gedompel. Wanneer die persoon onder die water gaan, is dit 'n sigbare simbool dat die ou sondige mens saam met Christus heeltemal dood en begrawe is. En as die persoon uit die water te voorskyn kom, is dit 'n sigbare simbool dat die gelowige saam met Christus in 'n nuwe lewe opgestaan het. Elke gelowige is daarom in Christus gedoop. (Terloops: Hoekom onderdompel ons nie meer vandag nie? Doop in die tyd van die Nuwe Testament is nie net deur onderdompeling gedoen nie maar ook met besprinkeling. By die doop gaan dit immers nie oor die hoeveelheid water nie maar oor die diepere betekenis van die water as teken en seël.)

Laat ons nou voortgaan. Met die doop verseker die Heilige Gees elkeen van ons dat Hy ons in Christus ingelyf het. Hy het ons lede van Christus gemaak. In die doop beeld God dit vir ons sigbaar uit. Ons ou sondige mens is saam met Christus gekruisig. Daar op Golgota het ons eintlik al klaar die sonde afgesterf. En hier in die doop verseker die Heilige Gees ons dat dit werklik so is. Ons hoef nie daaraan te twyfel nie. Luister weer hoe ons bely: Met die doop verseker Christus my dat ek met sy bloed en Gees **van al my sondes gewas is**. Dit het klaar gebeur, want ons sê: ons is gewas en nie ons sal gewas word nie.

Geliefdes, as ons in Christus se dood gedoop is, is ons sondes afgewas. Dan is ons dood vir die sonde. Iemand wat gesterf het, kan tog nie meer sonde doen nie. En in die doop sien en voel ons dat ons saam met Christus gesterf het en opgestaan het. Ons is saam met Christus in 'n nuwe lewe opgewek. En in die nuwe lewe is die sonde nie meer my baas nie, maar Christus is my baas en God is my Vader. Ja, dit gebeur dat ons as gedooptes nog steeds sonde doen. Maar ons laat ons nie deur die sonde saamsleep in elke donker hool van boosheid nie, want Christus is my Here.

Dit is die belofte wat God aan elkeen toesê wat gedoop word en gedoop is. By die doop sê die Here self vir die een wat gedoop word en aan almal teenwoordig: Ter wille van Christus se bloed wat Hy in sy offer aan die kruis vir jou gestort het, vergewe Ek al jou sonde uit genade. En Ek gee my Gees aan jou wat jou voortdurend nuut en heilig maak. Die Drie-enige God verbind Homself by die doop aan elkeen wat gedoop word. En van daardie oomblik af is so 'n mens nooit los van God nie. (Natuurlik is kinders wat in die verbond gebore is, reeds voor die doop met die band van die verbond aan God verbind.)

Wat God sê is waar. Hy is getrou aan die belofte wat Hy by die doop aan ons toesê. Daarom kan elkeen wat gedoop is juig: My doop verseker my dat ek van al my sondes gewas is deur die bloed en Gees van Christus. En in tye van beproewing en twyfel kan 'n gelowige aan die teken en seël van die doop vasgryp. In die doop kan hy die troos en sekerheid kry dat hy werklik 'n kind van die Vader is en deel het aan die offer van Christus deur die werk van die Heilige Gees. God het immers sy merk van die verbond op die gelowige se voorkop afgedruk.

Ons het nou gehoor dat die doop die teken en seël is waarmee God sigbaar en voelbaar sy verbond beseël aan elkeen wat gedoop word. En soos ons weet, bestaan alle verbonde uit twee dele. Luister net weer na die verbondswoorde wat God sê. Hy sê vir elkeen in die verbond:

Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (2 Korintiërs 6:16 AFR53)

Dadelik hoor ons die twee dele. Die eerste deel soos ons dit in die doop ook hoor en sien, is die belofte wat die Here aan ons toesê: Ek vergewe jou al jou sondes en gee my Gees aan jou. Kortom gesê: Jy is met die bloed en Gees van Christus gewas.

Nou mag ons die tweede deel van die verbond nie agterweë laat nie. Die Here sê ook dat ons sy kinders sal wees. In die doop is nie net die afsterwe en begrafnis van ons ou mens in Christus afgebeeld nie, maar ook ons opstanding saam met Christus in die nuwe lewe. Daarom voeg Paulus by dat ons wat gedoop is ook vir die sonde dood is en vir God lewe. Om vir God te lewe is die nuwe lewe. Daarom mag ons nie eens een deel van ons liggaam in diens van die sonde stel nie. Nee, met ons hele menswees moet ons onself in diens van God stel en doen wat Hy wil. Dit wil sê, in die doop hoor ons nie net 'n belofte nie maar ook 'n eis. Iemand wat die belofte wat die Here aan hom toesê dankbaar aanvaar en sy eie maak, rig ook sy lewe in volgens die eise van die verbond. Hy doen die wil van God soos dit in die Woord van God gegee is. Vir hierdie eis van die verbond maak die Heilige Gees ons nuut en heilig.

Nou kan 'n mens vra: Wat nou van verbondskinders wat gedoop is maar geen waarde heg aan die eis van die verbond nie? Ongeag die onderrig in die leer van die evangelie wat hulle ouers aan hulle gee, volhard hulle in die sonde en weier om hulle te bekeer. Wat gebeur met hierdie verbrekers van die verbond? Is die belofte wat by die doop aan hulle toegesê is, ongeldig? Het die Here 'n fout gemaak om hulle te doop? Of het die Here nie regtig die belofte bedoel nie?

Die Here maak nie 'n fout nie, want Hy is volmaak. Wat Hy sê, bedoel Hy. Hy is getrou, Hy sal niemand om die bos probeer lei nie. Daarom is die belofte wat Hy aan 'n mens toesê die volle waarheid. Maar hierdie mense wat moedswillig, ja, teen hulle beterwete in, God se belofte en eis van die verbond verwerp, maak vir hulleself die belofte ongeldig. Hulle skud die belofte en eis van die verbond van hulle af soos 'n hond water van sy lyf afskud. Hulle wil niks met die doop te doen hê nie. Hulle wil hulleself losmaak van hulle doop en so losmaak van God. Met hulle lewe waar hulle in die sonde volhard, probeer hulle die betekenis van die doop kanselleer.

Maar nou het ons ook gehoor dat ons van die oomblik van die doop af nooit los is van God nie. By die doop wys die Here sigbaar dat Hy Homself aan die een wat gedoop word vir ewig verbind. En as die Here Homself verbind het, los Hy nie weer nie. Hierdie mense wat hulleself van God wil losmaak en hulle doop verwerp, veroorsaak self dat die doop 'n teken van oordeel vir hulle word – 'n teken wat roep na die wraak van God.

Petrus skryf in sy tweede brief van sulke mense. Hierdie valse leraars is ook gedoop, want die Here het hulle ook vrygekoop, maar hulle verloën die Here wat hulle vrygekoop het. Hulle verwerp hulle doop en sleep ander gelowiges wat onlangs tot geloof gekom het agter hulle aan. Vir hierdie valse leraars is die vonnis klaar gevel, en hulle ondergang is onafwendbaar. Hierdie valse leraars en hulle slagoffers hang die dwaalleer aan dat jy in die sonde moet voortlewe sodat die genade kan toeneem – juis dit waarteen Paulus in Romeine 6 waarsku.

Nou vergelyk Petrus die mense wat hulle doop verwerp met 'n vark. 'n Vark is van nature 'n dier wat vuil is en in die modder bly lê. Die vark word gewas, maar net nadat hy skoon gewas is, gaan hy terug om maar weer in die modder te gaan rol. Die mens is ook van nature binne en buite vuil van die sonde. Met die doop wys en verseker die Here dat hierdie mens ook met die bloed en Gees van Christus gewas is van al sy sonde. Maar in plaas daarvan om die enigste God, Vader, Seun en Heilige Gees aan te hang, te vertrou en met sy hele hart en siel en al sy kragte lief te hê, verwerp hy sy doop. Hy laat toe dat die ou mens met sy sondige luste weer baasspeel oor hom. Hy gaan soos 'n vark weer terug na die moddergat van sonde.

So het Esau en Saul ook gedoen. Albei van hulle het die teken van die verbond ontvang. Hulle is besny. Maar in plaas daarvan om gehoorsaam die eise van die verbond na te kom uit dank vir God se genade, het hulle eerder hulle ou sondige mens nagevolg in al sy walglike optredes. So doen iemand ook wat die doop as teken en seël van die afwassing van die sondes ontvang het en in sy lewe verder niks met Christus te doen wil hê nie. Sy ou sondige mens oorwin hom en hy keer terug na die liederlike bestaan in die modderpoel van sonde.

Sulke mense sê vir God dat Hy maar sy doop vir Homself kon gehou het. En daarmee wil hulle hulleself van God losmaak, maar hulle kan nie. Iemand wat in die sonde volhard nadat die belofte van sondevergifnis aan hom toegesê is, dra sy doop met hom sy lewe lank saam as 'n teken van oordeel. Onthou, die Here laat Hom nie bespot nie. Hy sal nie

toelaat dat iemand die bloed van sy Seun met minagting vertrap en sy Gees beledig nie. So 'n mens sal nie ongestraf kan bly nie.

Daarom sê Petrus:

Dit sou vir sulke mense beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is. (2 Petrus 2:21 AFR83)

Mense wat hulle doop verwerp en nie na waarde skat nie, tree teen hulle beterwete op. Hulle weet goed wat God belowe en eis, en tog foeter hulle weer in die sonde in, teen God se wil in.

Geliefde gemeente, om gedoop te wees is 'n groot voorreg. Want met hierdie skildery wat die Here self gee, verseker Hy ons dat ons net so seker met Christus se bloed en Gees van al ons sondes gewas is as wat ons met water van ons liggaamlike vuilheid gewas word. Die Here sê self in die doop aan ons die belofte toe – die belofte van vergifnis van sonde en die inwoning van sy Gees. Maar ons hoor ook by die doop dat daar 'n groot verpligting op ons gelê word. Uit dankbaarheid moet ek my lewe inrig volgens die eise van die verbond. Laat ons daarom onself voortdurend afvra: Wat doen ek met my doop?

Die Here dreig ons nie met die doop nie. Hy is die jaloerse en regverdige God wat nie sal toelaat dat 'n sondaar sy Naam met 'n goddelose lewe beswadder nie. Die Here troos ons ook met die doop. As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie; die doop is immers die seël en onbetwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.

Mag die Gees ons so lei dat ons altyd aan hierdie belofte en troos van die Here in die doop vasgryp. Mag Hy ons so lei dat ons dankbaar die belofte en eis van die doop aanvaar en ons eie maak deur die geloof.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.